NATURAL JUSTICE

WETSONTWERP OP MINERALE HULPBRON-ONTWIKKELING 2025 (MRDB)



Gemeenskaps-handleiding

In Augustus 2025 deur Natural Justice ontwikkel



Wat is aan die gang?

Die regering is besig om die mynbouwetgewing in Suid-Afrika te hervorm, om die land se ekonomie 'n hupstoot te gee en nuwe geleenthede te skep. Op 20 Mei 2025 het die Departement van Minerale en Petroleumhulpbronne (DMPR) 'n verklaring deur die Minister van Minerale en Petroleumhulpbronne uitgereik, waarin Minister Gwede Mantashe die goedkeuring van die Strategie vir Kritieke Minerale en Metale vir Suid-Afrika en die Wysigingswetsontwerp op Minerale Hulpbronontwikkeling (MRDB/Wetsontwerp) verwelkom het.

Die Minister het ook beklemtoon dat hierdie twee nuwe beleide sal help om duidelike reëls en stabiliteit vir die mynbousektor daar te stel. Dit sal 'n plan oplewer om die beste uit Suid-Afrika se minerale te put, ten einde te verseker dat dit verstandig aangewend word om werksgeleenthede te skep en die ekonomie te laat groei. Dit sal die land ook help om beter op die globale mark mee te ding.

Die MRDB is 'n wysigingswetsontwerp op die Wet op Minerale en Petroleumhulpbronontwikkeling (MPRDA), wat tot en met 13 Augustus 2025 vir openbare kommentaar gepubliseer is.

Waaroor handel die MRDB?

Die MRDB stel heelwat veranderinge aan Suid-Afrika se mynbouwetgewing voor. Sodra die MRDB bekragtig word, sal dit die Wet op Minerale en Petroleumhulpbronontwikkeling 2002 (MPRDA) wysig. Petroleumhulpbronne sal dan onder die Wet op die Ontwikkeling van Stroomop- Petroleumhulpbronne van 2024 (UPRDA) val. Die Wetsontwerp beoog om ambags- en kleinskaalse mynpermitte in te voer, die definisie van gemeenskaps- en sinvolle konsultasie te verander, en uitvoering te gee aan artikel 24 van die Grondwet (die reg op 'n gesonde omgewing). Die Wetsontwerp is daarop gemik om mynprojekte te verspoedig en te verseker dat meer minerale in Suid-Afrika verwerk word, eerder as om dit as grondstowwe aan ander lande te verkoop. Die regering beloof ook dat Suid-Afrika se minerale rykdom, soos die minerale wat vir skoon energie benodig word, ontsluit sal word.

Waarom is dit vir jou van belang?

Landelike gemeenskappe en gemeenskappe wat deur die mynwese geraak word, sal op talle maniere deur hierdie Wetsontwerp geïmpakteer word, soos:

Die omgewing: die gehalte en beskikbaarheid van water, gesonde grond en skoon lug in myngemeenskappe kan deur mynwerksaamhede beïnvloed word;

Mense se bestaansmiddele: nuwe mynprojekte in landelike gebiede kan werksgeleenthede en plaaslike ekonomieë positief en negatief beïnvloed;

Grondregte: talle gemeenskappe het nie veilige grondregte waar hulle woon nie, en nuwe mynprojekte kan hulle grondregte impakteer;

Vrye, vooraf- en ingeligte toestemming: die Wetsontwerp vereis slegs sinvolle konsultasie, maar gemeenskappe behoort die geleentheid gegun te word om vrye, vooraf- en ingeligte toestemming te verleen vir mynprojekte waardeur hulle geraak sal word.

Hierdie Handleiding sal jou help:

Hierdie handleiding is daarop gemik om jou te help om die MRDB beter te verstaan. Dit sal bewerkstellig word deur die volgende te verduidelik:

- Hoe om deel te neem deur gedurende die oop tydperk kommentaar op hierdie Wetsontwerp te lewer
- Die belangrike veranderinge wat deur die MRDB ingestel sal word Hoe hierdie veranderinge jou gemeenskap kan beïnvloed
- Wat jy kan doen om jou regte te beskerm

Lewer kommentaar en sê jou sê!

Wanneer was die sperdatum?

Die openbare proses vir kommentaar was oop tot **13 Augustus 2025.**

Volg die jongste nuus oor die Wetsontwerp

→ Deur gereeld die DMPR-webtuiste te besoek: www.dmpr.gov.za

→ Deur die webwerf van die Parlementêre Moniteringgroep te volg: www.pmg.co.za

Wat moet ingesluit word in jou kommentaar?

- Jou naam, gemeenskap en kontakbesonderhede
- Wees spesifiek oor jou besware. Byvoorbeeld, "Artikel 10 verminder die konsultasietyd".
- Sluit jou verhaal oor hoe die mynwese jou lewe beïnvloed, in.
- Vra oor jou reg om tot enige voorgenome mynwerksaamhede wat jou grondregte kan beïnvloed, in te stem, of instemming te weier.

Let wel: Die sluitingsdatum vir kommentaar het verstryk. Indien u egter hulp nodig het om die Wetsontwerp te verstaan en op te volg, kontak:

- **Natural Justice** 021 426 1633; e-pos: info@naturaljustice.org
- **Mining Affected Communities United in Action** 010 007 2137; e-pos: info@macua.org.za
- **GroundWork** 033 342 5662; e-pos: bathoko@groundwork.org.za
- **Sentrum vir Omgewingsregte** 021 447 1647; e-pos: info@cer.org.za

KOM ONS ONTLEED HIERDIE WETSONTWERP



1. Die mikpunt van die MRDB

Wat sê die regering?

Raadpleeg artikel 2, 'Doelwitte van die Wet')

Die regering sê dat die Wetsontwerp daarop gemik is om mynbouwetgewing duideliker te maak, sodat maatskappye en ander mynaansoekers die reëls kan ken en om Suid-Afrika te help om meer uit die land se minerale te baat, deur dit hier te verwerk. Voorts is die MRDB ook daarop gemik om 'n plan en beter aanwending van ons minerale rykdom tot voordeel van die land voort te bring

Dit sal bewerkstellig word deur:

- **Erkenning** van die Staat se reg om beheer oor alle minerale hulpbronne in Suid-Afrika uit te oefen;
  - *Artikel 2(a) van die Wetsontwerp verklaar dat, as die bewaarder van die land se minerale hulpbronne, die Staat, deur die Minister, enige verkenningstoestemming, prospekteerregte, toestemming om te verwyder, mynregte, kleinskaalse mynpermit, ambagsmynpermit en retensiepermit kan toestaan, uitreik, weier, beheer, administreer en bestuur. [Eie vertaling, aangesien die wetsontwerp nie in Afrikaans beskikbaar is nie.]*

- **Erkenning dat minerale aan alle Suid-Afrikaners behoort,** en dat die regering minerale vir die mense en tot voordeel van alle Suid-Afrikaners hou [Artikel (2)(a)];

- **Die bevordering van billike toegang** tot mineraalgeleenthede vir alle burgers;

- T**ransformasie en insluiting** in toegang tot geleenthede vir voorheen benadeelde persone, met inbegrip van vroue en gemeenskappe, om aktief aan die mineraalbedryf deel te neem en voordeel uit Suid-Afrika se minerale te put;

- D**ie aanspoor van die ekonomie** deur mynwese te laat groei om werksgeleenthede en plaaslike industrieë te skep;

- **Werksgeleenthede en beter lewenstandaarde** en die verbetering van die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling vir alle Suid-Afrikaners;

- **Stabiele mynregte** deur maatskappye van duidelike reëls vir die bedryf van prospekteer- en mynbedrywighede te voorsien;.

- **Die beskerming van die omgewing** deur te verseker dat minerale hulpbronne op ordelike en ekologies volhoubare wyse, in ooreenstemming met artikel 24 van die Grondwet, ontwikkel word;

- **Die vereiste dat myne gemeenskappe,** met inbegrip van die gemeenskappe waarbinne dit bedryf word, **ontwikkel** deur van mynmaatskappye te vereis om deur maatskaplike en arbeidsplanne (MAP's) tot maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling by te dra;

- **Die verwydering van petroleumhulpbronne (uit die wet),** wat beteken dat die reëls vir petroleumhulpbronne in Suid-Afrika, soos olie en gas, nou deur 'n aparte wet, die Wet op die Ontwikkeling van Stroomop- Petroleumhulpbronne van 2024 (**UPRDA**) gedek word;

- die versnelling van die goedkeuring van mynlisensies aan maatskappye en ander aansoekers. Die regering beplan om dit te doen deur die vermindering van 'rompslomp' en deur aansoekers binne sewe dae (voorheen 14) oor die aansoek om mynregte in te lig. Hulle beloof om 'alle tersaaklike inligting' oor impakte te deel en aan gemeenskappe en ander belanghebbende en geaffekteerde partye 30 dae te bied om kommentaar te lewer;

- die aanspoor van plaaslike werkskepping deur mynmaatskappye te dwing om minerale in SA te verwerk. Dit word 'waardetoevoeging' genoem; en

- die erkenning en regulering van ambags- en kleinskaalse mynbou (AKM) met permitte (raadpleeg artikel 8, 'Invoeging van artikel 7A in Wet 28 van 2002').

Die MRDB stel AKM bekend en bepaal die reëls daarvoor; byvoorbeeld, ten opsigte van sekere gebiede wat die Minister vir AKM kan identifiseer, spesifiek om swart mense te bemagtig, billike toegang tot minerale te bevorder en aansoeke makliker te maak. AKM-permitte vir werksaamhede op klein grondgebiede sal eenvoudiger vereistes hê om aan plaaslike ekonomiese geleenthede 'n hupstoot te gee.

Wat is ambags- en kleinskaalse mynbou (AKM) dus?

Die MRDB omskryf 'ambagsmynbou' as:

"1(a) [...] tradisionele en gewoonteregtelike mynboubedrywighede wat van tradisionele of gewoonteregtelike middele gebruik maak, met inbegrip van die werksaamhede van individue wat hoofsaaklik van rudimentêre mynboumetodes, hand- en rudimentêre werktuie gebruik maak om toegang te verkry tot mineraalerts, wat gewoonlik op die oppervlak, of vlak daaronder, beskikbaar is; " [Eie vertaling, aangesien die wetsontwerp nie in Afrikaans beskikbaar is nie.]

TDit beteken dat dit kleinskaalse mynbou is wat deur plaaslike mynwerkers uitgevoer word, dikwels met die gebruik van basiese werktuie soos pikke, skopgrawe en panne. Hierdie mynwerkers werk gewoonlik met die hand en grawe vir minerale naby die oppervlak of in vlak gate, met behulp van inheemse kennis en tradisionele metodes wat oor tyd oorgedra is

2. Hoofveranderinge en hoe gemeenskappe daardeur geraak word

Nuwe Permitte vir AKM | Artikel 7A

Permitte vir ambags- en kleinskaalse mynbou (**AKM**) vir werksaamhede op klein grondgebiede (kleiner as 1.5 hektaar) sal eenvoudiger vereistes behels, om plaaslike ekonomiese geleenthede 'n hupstoot te gee.



Gemeenskapsimpak:

- **Geleenthede**: Dit stel plaaslike mynwerkers in staat om wettige permitte vir die werk te bekom, wat werksgeleenthede en ander geleenthede vir gemeenskappe kan skep.
- **Risiko's**: As dit nie goed bestuur word nie, kan kleinskaalse mynbou omgewingskade veroorsaak, soos waterbesoedeling en die vernietiging van grond, en tot onenigheid in gemeenskappe lei oor wie waar kan myn.
- **Gemeenskappe moet nadink oor**
  - Voorspraak doen vir 'n eenvoudiger proses en gemeenskapsinsluiting in die goedkeuring van AKM-permitte.
  - Hoe sal voorheen benadeelde groepe billike toegang tot AKM-permitte bekom?

Nuwe Definisies | Artikel 1

Die MRDB stel nuwe definisies van belangrike woorde bekend en wysig ook sommige betekenisse.

'Sinvolle konsultasie'



Die MRDB omskryf 'sinvolle konsultasie' as:

" [...] dat die aansoeker, in goeie trou deelname op so 'n wyse gefasiliteer het dat billike geleentheid gebied is om kommentaar te lewer deur die grondeienaar, die wettige bewoner, of belanghebbende en geaffekteerde persoon ten opsigte van die grond waaroor die aansoek handel, omtrent die impak van die prospekteer- of mynwerksaamhede op sy of haar reg op gebruik van die grond, deur alle tersaaklike inligting oor die voorgenome werksaamhede beskikbaar te stel en hierdie partye in staat te stel om 'n ingeligte besluit oor die impak van die voorgenome werksaamhede te neem." [Eie vertaling, aangesien die wetsontwerp nie in Afrikaans beskikbaar is nie.]

Gemeenskapsimpak:

Hierdie definisie is nie dieselfde as vrye, vooraf- en ingeligte toestemming nie. Die Wetsontwerp bepaal dat maatskappye aan gemeenskappe en ander belanghebbende en geaffekteerde mense 'n geleentheid tot deelname moet bied, deur hulle van inligting te voorsien, sodat hulle 'n sê oor die impak kan hê. Die Wetsontwerp verleen nie aan gemeenskappe die mag om die projek goed of af te keur nie. Maatskappye hoef ook nie toestemming van die gemeenskappe te bekom nie.

- **Beperking**: Gemeenskappe kan nie voorgenome projekte afkeur nie. Konsultasie is dus NIE toestemming NIE.
- **Geleenthede**:
  - Gemeenskappe kan hulle besware na die Streeks- Mynontwikkeling- en Omgewingskomitee (RMDEC) neem.
  - Gemeenskappe kan aan alle konsultasies deelneem, aantekeninge neem en organiseer vir die skryf van besware teen projekte.
  - Leer meer oor die RMDEC en gebruik die proses om konsultasies wat, na hulle mening, nie sinvol was nie, uit te daag.



'Gemeenskap'

Die MRDB omskryf 'gemeenskap' as:



" [...] 'n samehangende sosiale groep persone binne 'n metropolitaanse munisipaliteit of 'n distrikmunisipaliteit, soos omskryf in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, met belange of regte binne 'n spesifieke grondgebied waaroor die lede beskik of wat hulle gemeenskaplik uitoefen ingevolge 'n ooreenkoms, gewoonte, of die wet." [Eie vertaling, aangesien die wetsontwerp nie in Afrikaans beskikbaar is nie.]

Dit beteken dat 'n gemeenskap 'n groep mense is wat saamwoon op plekke soos dorpies en in townships, en wat die grond en hulpbronne soos water, weiveld of heilige plekke deel. Hulle neem saam besluite, deur tradisionele besluitneming, of deur ooreenkoms, of deur die plaaslike wette.

Gemeenskapsimpak

Gemeenskappe wat aan hierdie omskrywing voldoen, moet geraadpleeg word. Die MDRB beperk wat 'n gemeenskap is en erken 'n gemeenskap slegs as dit op hierdie wyse georden is. Talle landelike groepe het geen formele ooreenkomste omtrent grond nie, wat hulle reg op deelname beperk. Selfs 'informele' gemeenskappe het egter die grondwetlike reg op deelname.

Waaroor kan gemeenskappe nadink:

- Selfs 'informele' gemeenskappe, sonder formele grondregte, behoort in staat te wees om hulle reg op deelname uit te oefen.

'Belanghebbende en geaffekteerde persone'

Die MRDB omskryf 'belanghebbende en geaffekteerde persone' (**B&GP's**) as:



"[...] 'n natuurlike of regspersoon, of 'n vereniging van persone met 'n direkte belang by die voorgenome of bestaande prospekteer- of mynbouwerksaamhede, of wat deur die voorgenome of bestaande prospekteer- of mynbouwerksaamhede geaffekteer kan word;" [Eie vertaling, aangesien die wetsontwerp nie in Afrikaans beskikbaar is nie.]

Die definisie noem die mense, groepe en besighede wat deur mynbou geaffekteer kan word. 'n 'Geaffekteerde persoon' sluit in gemeenskappe op grond waar mynbou kan plaasvind, as die omgewing, soos water, luggehalte, of mense se bestaansmiddele geskaad kan word, of waar heilige kulturele plekke in die voorgenome gebied voorkom.

Gemeenskapsimpak

Die wet bepaal dat maatskappye gemeenskappe moet raadpleeg voordat mynbou toegelaat word. Dit beteken dat gemeenskappe, as 'belanghebbende en geaffekteerde persone', oor die reg beskik om seggenskap oor mynbou in hulle gebied te hê. Maatskappye moet die gemeenskappe waar hulle myn, respekteer en geleenthede soos werksgeleenthede en beter skole skep. Dit is belangrik dat gemeenskappe altyd vra hoe nuwe projekte in hulle gebied en toekoms kan belê.

Hierdie omskrywing sluit in:

- Gemeenskappe wat op of naby die myn woon
- Mense of besighede wat deur die mynwerksaamhede geskaad kan word
- Groepe en mense wat gebruik maak van heilige plekke, water of die omgewing, wat deur die mynwerksaamhede geraak kan word

- **Geleenthede**: Maatskappye moet gemeenskappe raadpleeg voor die mynwerk begin, en gemeenskappe kan op inligting oor die risiko's vir die omgewing, werksgeleenthede wat geskep sal word en voordele aandring. B&GP's kan ook aandring op sterker MAP-verbintenisse deur mynmaatskappye in hulle gemeenskappe.

- **Risiko's en kwelpunte:** Die omskrywing van 'direkte belang' is nie duidelik nie. Sommige geaffekteerde mense kan uitgesluit word, soos gemeenskappe wat redelik ver stroomaf van die myn woon, en wat die rivierwater gebruik. Gemeenskappe in informele nedersettings sonder grondregte kan dalk nie as B&GP's kwalifiseer nie, selfs as die mynwerksaamhede besoedeling veroorsaak.

- **Wat kan gemeenskappe moontlik doen:**
  - Skryf alles neer, soos rekords van vergaderings, neem foto's van skade aan die grond, waterbesoedeling en elke verbreekte belofte.
  - Vra vrae aan die mynmaatskappye, die DMHE en enigiemand wat beweer dat hulle in die gemeenskap se belang optree.
  - Werk saam met organisasies soos NRO's en gemeenskapsgebaseerde organisasies om ingelig te bly. Maak van die beskikbare appèlproses en ander maniere gebruik om probleme met die mynwerksaamhede te eskaleer.

'Arbeidverskaffingsgebiede'



Die MRDB omskryf 'arbeidsverskaffingsgebiede' as:

"[...] verwys na gebiede binne die Republiek van Suid-Afrika waar die meerderheid mynwerkers, beide geskiedkundig en in die hede, vandaan kom." [Eie vertaling, aangesien die wetsontwerp nie in Afrikaans beskikbaar is nie.]

Dit is die myngeaffekteerde gemeenskappe waar die meeste mynwerkers vandaan kom. Die MRDB bepaal dat mynmaatskappye wat in hierdie gemeenskappe werksaam is, met behulp van MAP's moet help om hierdie gebiede te ontwikkel deur die verskaffing van werksgeleenthede en projekte om die gemeenskap op te hef.

Gemeenskapsimpak

Die wet vereis van mynmaatskappye in hierdie gebiede om in die gemeenskappe waar hulle myn, te belê en die gemeenskappe te verbeter; byvoorbeeld, deur werkskepping, die bou of ondersteuning van skole, klinieke en ander behoeftes van die gemeenskap. Dit kan ook beteken dat plaaslike mense opgelei en geprioritiseer moet word wanneer werksgeleenthede beskikbaar is.

- **Geleenthede**: Daar word van myne vereis om werk te skep, opleiding te voorsien en die gebied te ontwikkel deur belegging in, byvoorbeeld, paaie en hospitale in arbeidsverskaffingsgebiede.
- **Wie baat regtig?** Mynmaatskappye ignoreer dikwels landelike gebiede en fokus slegs op nabygeleë dorpe in hulle maatskaplike en arbeidsplanne. Tradisionele leiers en ander gemeenskapsleiers kan namens gemeenskappe praat, wat die behoeftes van gewone gemeenskapslede uitsluit. Daar is geen sterk strawwe om maatskappye te straf wat nie hulle MAP-beloftes nakom nie.



Vereistes vir maatskaplike en arbeidsplanne (MAP's) | Artikel 24 (d)

Die MRDB vereis dat maatskappye maatskaplike en arbeidsplanne opstel. Dit is 'n skriftelike stel verbintenisse en beloftes omtrent hoe die myn die gemeenskappe in die gebied waar dit werksaam is, sal ophef. MAP's moet strook met die behoeftes van die plaaslike gemeenskappe, soos werkskepping vir plaaslike gemeenskappe, die opleiding van werkers, die bou en ondersteuning van skole en klnieke, die bou van paaie en beskerming van die omgewing.

Hoe moet mynmaatskappye MAP's ingevolge die Wetsontwerp saamstel?

As deel van die mynaansoek, moet maatskappye MAP's saamstel wat strook met wat die gemeenskappe nodig het. Om dit te bewerkstellig, moet maatskappye die gemeenskappe raadpleeg deur eers met hulle te vergader en na die gemeenskappe se bekommernisse te luister. Ná die MAP's geskryf is, moet die maatskappye dit deur die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie aan die regering voorlê, om seker te maak dat die plan billik is en met die behoeftes van die gemeenskap strook. Mynmaatskappye moet hulle planne elke vyf jaar hersien en verbeter, wat beteken dat gemeenskappe elke vyf jaar oor hulle behoeftes geraadpleeg moet word.

Gemeenskapsimpak

'n MAP is 'n ooreenkoms tussen die mynmaatskappy en die gemeenskappe waarbinne dit werksaam is, met inbegrip van arbeidsverskaffingsgebiede. Dit bied geleenthede vir plaaslike gemeenskappe en het die potensiaal om progressiewe betrokkenheid tussen myne en gemeenskappe teweeg te bring, as die myne hulle beloftes nakom. Sommige voordele is werksgeleenthede vir plaaslike jong mense, beter infrastruktuur soos paaie, klinieke en skole, en ander geleenthede vir plaaslike ekonomiese groei. Talle mynmaatskappye kom egter nie hulle beloftes na nie en voer dikwels nie hulle MAP's uit nie.

Dit is ook 'n bron van kommer vir gemeenskappe dat die MRDB nie enige regte strawwe oplê as 'n myn sy MAP-verbintenisse verbreek nie. Dit skaad gewoonlik die verhouding tussen myne en plaaslike gemeenskappe, en die plaaslike gemeenskappe voel uitgesluit, terwyl die myne steeds bedryf word.

- **Kwelpunt**: Daar is geen streng strawwe om mynmaatskappye wat nie hulle MAP-verbintenisse nakom, te straf nie.
- **Geleenthede**: Gemeenskappe kan aandring op ondersoeke van hoe MAP's geoperasionaliseer word. Deur ingelig te bly, kan gemeenskappe deelneem aan die vyfjaarlikse hersiening van MAP's waardeur hulle geraak word.

Wat kan gemeenskappe doen?

- Vra vir 'n afskrif van die MAP in jou taal by die myn
- Gaan die besonderhede na, soos of dit die behoeftes van die gemeenskap insluit
- Vra vrae oor goed in die MAP wat jy nie verstaan nie
- As die myn beloftes verbreek, het die gemeenskap die reg om dit by die DMPR aan te meld.

Onwettige mynbou|Artikel 5

Die Wetsontwerp dek ook werksaamhede wat met onwettige mynbou verband hou en stel strenger wette teen onwettige mynbou bekend. Dit beteken dat geen mynbou sonder permitte toegelaat word nie, met inbegrip van mense wat onwettige mynwerkers help deur die voorsiening van werktuie, vervoer, of ander dienste. Die Wetsontwerp maak dit ook onwettig om minerale sonder die tersaaklike permitte te vervoer of te verwerk.

Gemeenskapsimpak

Hoewel dit kan werk om onwettige mynbou te stop en gemeenskappe teen misdaad en misbruik te beskerm, bly arm en afgesonderde gemeenskappe kwesbaar. Terwyl AKM ingestel word, het gemeenskappe steeds opleiding en opvoeding oor hoe om wettig toegang tot die mynbou-ekonomie te verkry, nodig.

- **Geleenthede**: Die toepassing van mynbouwetgewing kan omgewingskade deur onbeheerde mynbou en misdaad wat met onwettige mynbou verband hou, verminder.
- **Risiko's**: Vasvat-optrede deur die polisie kan arm en informele mynwerkers teiken, wat dalk nog nie permitte het nie, maar geen skade aanrig nie.
- **Gemeenskappe moet nadink oor:**
    - Hoe sal die regering en die polisie tussen onwettige mynwerkers en aansoekers om AKM-permitte onderskei?
    - Aandring daarop om opgevoed te word oor die nuwe geleenthede en risiko's met AKM-reëls en hoe om permitte te bekom.
    - Die aanmeld van onwettige mynbou in hulle omgewing by die polisie.
    - Vra om ondersteuning as kleinskaalse mynwerkers deur die regering en organiseer tot eie voordeel.



Waarom hierdie Wetsontwerp saak maak en wat jy kan doen

Die MRDB sal bepaal hoe gemeenskappe, grondregte, watergebruik, werksgeleenthede en die toekoms van die land deur mynbou geaffekteer word. Dit is nog nie finaal nie, wat beteken dat gemeenskappe en individue dit nog kan beïnvloed.

Waarom is dit belangrik om seggenskap in hierdie Wetsontwerp te hê?



Mynbou beïnvloed almal: Dit kan werksgeleenthede skep, maar kan ook water besoedel, families van voorvaderlike grond af verskuif en toegang tot heilige plekke beperk. Die MRDB is 'n geleentheid vir mynbouwetgewing om gemeenskappe in die hede, en toekomstige geslagte teen uitbuiting en omgewingskade deur mynmaatskappye te beskerm. Dit kan die wyse waarop gemeenskappe uit die minerale onder hulle voete baat, transformeer.

TREE OP

Organiseer as 'n gemeenskap, omdat ons sterker saam is
Hou leiers verantwoordbaar
Bly ingelig

